Markus Jooste se firma stel eis teen Lanzerac in.

Die Stellenbosse wynlandgoed Lanzerac is in ’n hofgeding gewikkel oor miljoene rande se lenings wat glo aan Markus Jooste se beleggingsmaatskappy Mayfair Speculators geskuld word.

Die private maatskappy Lanzerac Estate Investments (Edms) Bpk. met die adres Lanzeracweg 1, Jonkershoekvallei, Stellenbosch, het vandeesweek ’n aansoek ingedien om toegang tot dokumente oor die beweerde leningsooreenkomste met Mayfair te kry. Dit is vir verhoor tot Junie uitgestel.

Lanzerac voer in die hofdokumente aan dat Mayfair se boekhouding gebrekkig is en hy bewyse moet lewer van waarom die betalings gedoen is. Dit was volgens Lanzerac eintlik ’n tesourier-ooreenkoms tussen hulle.

Skuldeisers tree op

Die hoofoptrede teen Lanzerac, wat in Oktober verlede jaar aanhangig gemaak is om die geld terug te eis, is namens Mayfair se skuldeisers gedoen.

Mayfair Speculators en sy beheermaatskappy word sedert 2018 ingevolge ’n reëlingskema met krediteure bestuur. So ’n art. 155-reëlingskema ingevolge die Maatskappywet is ’n alternatief vir sakeredding.

Dit het gekom nadat Mayfair Speculators byna in Desember 2017 – ná die ineenstorting van Steinhoff – gelikwideer is toe Absa die R226 miljoen wat aan hom geskuld is, wou oproep.

Die Silver Oak-trust, wat tot voordeel van lede van die Jooste-familie begin is, was die alleen-aandeelhouer van Mayfair Holdings, wat op sy beurt weer die alleeneienaar van Mayfair Speculators is.

Wie besit Lanzerac?

Die hofsaak teen Lanzerac is interessant omdat voorheen bespiegel is wie die werklike eienaars van die wynlandgoed en hotel is.



Dié wynplaas het jare gelede aan Christo Wiese, grootste aandeelhouer en voormalige voorsitter van Steinhoff, behoort.

Hy het in ’n stadium in 2018 in die parlement gesê dat hy Lanzerac verkoop het toe hy destyds ook sy blok aandele in PSG aan Steinhoff verkoop het. Hy het by navraag verduidelik hy het nie die plaas aan Steinhoff verkoop nie, maar het die plaas en sy PSG-aandele vir Steinhoff-aandele verruil.

Ná Steinhoff se ineenstorting het dit geblyk talle mense op Stellenbosch was onder die indruk dit behoort aan die maatskappy en sommige het selfs gedink dit behoort aan Jooste.

In Junie 2018 het Lanzerac by navraag bevestig die eienaar is Pavillion Capital Investments Beperk.

Jooste het in Desember 2017 ná sy bedanking by Steinhoff ook uit Mayfair Speculators se direksie bedank.

Jooste se skoonseun Stefan Potgieter is steeds ’n direkteur.

Netwerk24 het voorheen berig die twee ander direkteure – die sakereddingspesialiste Les Matuson en Piers Marsden – is in Mei 2018 deur die leners van die maatskappy aangestel.

Hulle is in April ook op Mayfair Holdings se direksie aangestel waar Potgieter ook ’n direkteur is en Jooste ook Desember 2017 bedank het.

Geleen of bestuur?
In die hoofdeel van die eis voer Mayfair Speculators aan dat die maatskappy, verteenwoordig deur Potgieter, ’n gedeeltelik mondelingse en gedeeltelik skriftelike leningsooreenkoms met Lanzerac gesluit het, wat deur Emile Langenhoven verteenwoordig was.

Volgens LinkedIn is Langenhoven die hoofbestuurder van die Lanzerac Hotel & Spa en op e-posse in die hofdokumente word hy as destydse finansiële bestuurder aangedui.

Volgens Mayfair het die “uitdruklike, alternatiewelike stilswyende, voorts alternatiewelik geïmpliseerde terme van die leningsooreenkoms” behels dat die maatskappy van tyd tot tyd geld sou leen of voorskiet aan Lanzerac op versoek vir bedryfsuitgawes en opknappings.

Die rente op die bedrae sou teen die prima leningskoers van Investec Bank minus 1% wees.

Die uitstaande saldo, plus rente, sou te eniger tyd opeisbaar wees.

Hoeveel geld is ter sprake?
Volgens Mayfair is R29,3 miljoen van 2 November tot 30 November 2017 op versoek aan Lanzerac voorsien.

Die besonderhede van die eis toon talle bedrae is in November aan Lanzerac betaal, waarvan die grootste – R20 miljoen – op 30 November was.

Dit was die Vrydag voordat Steinhoff op Maandag 4 Desember die eerste skokaankondiging gedoen het dat hy nie meer daardie week geouditeerde jaarstate sal kan uitreik nie.

Mayfair het op 23 Oktober 2019 skriftelik die terugbetaling van R29,3 miljoen geëis.

Mayfair sê Lanzerac bly in gebreke om die geld terug te betaal en weier om dit te doen.

Deels mondelings

Terence Thomas Matzdorff, Lanzerac se prokureur van Knowles Husain Lindsay Ingelyf van Sandton, sê in sy eedsverklaring in die aansoek Mayfair verwys na ’n enkele leningsooreenkoms wat gedurende die tydperk van 28 Junie 2017 tot 30 November 2017 (langer as vier maande) gesluit is.

Hoe die beweerde gedeeltelik mondelinge deel van die ooreenkoms gesluit is of die presiese tersaaklike bepalinge, word nie in die besonderhede van die eis geïdentifiseer nie, sê hy.

“Die respondent beweer vaagweg die geskrewe gedeelte van die leningsooreenkoms is aangeheg as aanhangsels – en dit is e-posse.

“Wat presies die bepalings van die mondelinge en van die geskrewe deel van die leningsooreenkoms is, word nie spesifiek gepleit nie.”

Wat is julle bestaande koers by Investec? Ons sal dit kan beat. Dra oor en dan vra jy aan soos benodig...
E-pos van Stefan Potgieter aan Lanzerac se Emile Langenhoven
Hy voer aan die eis is “feitlik onbegryplik” en die vaagheid maak dit onmoontlik vir Lanzerac om pleitstukke in te dien.

Lanzerac sê dis moeilik om te verstaan hoekom Mayfair nie net eenvoudig die dokumente verskaf indien hy in besit daarvan is nie.

String e-posse
Matzdorff verwys na die klomp e-posse wat Mayfair by sy aansoek aangeheg het.

Hy sê dit kom hieruit voor dat Lanzerac geld by Investec gehad en dit oorweeg het om die geld oor te dra na Mayfair sodat dit op ’n tesourie-grondslag bestuur word.

Die aanhangsels toon ’n e-pos van Potgieter (Junie 2017) aan Langenhoven waarin eersgenoemde sê: “Wat is julle bestaande koers by Investec? Ons sal dit kan beat. Dra oor en dan vra jy aan soos benodig...”

Dit is nadat Langenhoven hom uitgevra het oor ’n e-pos wat Michael Jooste, Markus se seun, op dieselfde dag aan hom gestuur het.

Volgens Matzdorff is die wese van Michael se e-pos dat “ ’n persoon met die naam Markus” bevestig hy wil hê die geld (van Lanzerac) moet deur die Mayfair-tesourie bestuur word.

“Die versoek vir die dokumente wat dit bevestig, word nie sommer net afgelei nie, dit is baie duidelik dat daar ’n aparte skriftelike (of waarskynlik ’n e-pos of mondelingse) kommunikasie tussen Michael Jooste en die genoemde Markus bestaan.”

In die e-pos sê Michael: "Koördineer asseblief met Stefan, want Markus het bevestig hy wil hê die geld moet deur Mayfair-tesourie bestuur word."

Michael stuur die e-pos van Mayfair Speculators en sy details verwys na Mayfair Holdings.

Op die oog af verwys die e-posse na 'n tesourie-ooreenkoms wat heeltemal iets anders as 'n leningsooreenkoms is.

Swak boekhouding
Dit is hoekom Lanzerac die dokumente soek.

"Die dokumente en rekords is sekerlik 'n vereiste vir ouditeure en die Maatskappywet. Dit wil nie voorkom of dit die respondent (Mayfair) se saak is dat die dokumente nie bestaan nie."

Hy sê dit is belangrik om die dokumente as bewys van die aard van 'n kontraktuele ooreenkoms te kry.

"Dit is algemene kennis dat die toepaslike wette rakende boekhouding en rekordhouding deur maatskappye vereis dat daar altyd dokumente is in die boeke soos joernale en/ of grootboeke wat rekord hou van elke bedrag wat in- en uitbetaal word tesame met 'n rede vir die betaling. Maar in die huidige aangeleentheid dui die grootboek egter aan dat betalings gemaak is, maar nie die rede daarvoor nie."

Behalwe vir die eis van R29 miljoen soek Lanzerac ook:

Die kooporders van elke item van voorraad wat na bewering deur Mayfair namens Lanzerac gekoop is wat R5,2 miljoen beloop;
Fakture van elke verskaffer van elke item daarvoor; asook
Betalingsbewyse van Mayfair aan elke verskaffer.
Lanzerac soek ook die geouditeerde finansiële state van Mayfair van 2017 tot 2018.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/markus-jooste-se-firma-stel-eis-teen-lanzerac-in-20210413